# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 4

Dit is nou ons 3de geselsie oor hoe om te bid.

Ons het gesels oor die reseppie wat Jesus ons gegee het en ons het al die eerste paar punte behandel.

**Onse Vader wat in die Hemele is** - erken Hom vir wie en wat Hy is. Hy is ons Vader en ons Koning so ons moet met respek na Hom toe gaan.

**Laat U naam geheilig word** - ons moet Sy naam oplig en Hom vereer vir wie Hy is en vir wat Hy alles al vir ons gedoen het.

Ek wil net noem... wat ons nou oor praat is eintlik aardskuddende inligting. As mens hierdie verstaan, dan maak dit vir jou deure oop.

Vandag bespreek ons die volgende stukkie..

laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;



# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 4

## Gebeds resep volgens Mattheus 6:9-13

Onse Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word;

**laat u koninkryk kom;**

**laat u wil geskied,**

**soos in die hemel net so ook op die aarde;**

gee ons vandag ons daaglikse brood;

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 4

**Laat U koninkryk kom**

Vandag gaan ons so bietjie saam lees deur die bybel en bietjie investigator speel.

Wat is Sy Koninkryk?

In die bybel praat daar gereeld van die koninkryk behoort aan hulle.

Kom ons lees saam:

**Mattheus 4:17**
**Mattheus 5:3**
**Mattheus 5:10**
**Mattheus 7:21**

Wie van julle het al sprokies geluister of gekyk waar hulle se.. In a kingdom, far far away.

Nou wat is 'n koninkryk?

'n Koninkryk is mos maar soos 'n plek met 'n heerser en klomp mense wat daar werk en daar woon. As ons kyk na die United Kingdom, dit is 'n koninkryk.

So is daar die Hemelse Koninkryk. Dit is 'n plek op sy eie, 'n plek waar Jesus is en woon en heers. Die oomblik toe ons ons harte vir Hom gegee het het Hy ons aangeneem en ons is lid van die Koninkryk.

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 4

Wie van julle het al iemand ontmoed van 'n ander koninkryk of land?

Wat is die eerste ding wat mens iemand vra wat van 'n ander land af kom? Hoe is dit daar en is almal soos jy?

So daai persoon is 'n prentjie van hoe daai land is en die mense wat in hom bly.

Nou net so is ons 'n prentjie van die Hemelse Koninkryk en hoe die is wat van daar kom.

Die skole se baie keer moenie verkeerde goed doen met jou skool klere aan nie want jy verteenwoordig jou skool en as jy verkeerde goed doen en jy het die skool klere aan dan is dit 'n beeld van die skool.

Maar hoe bid ons dan as ons verteenwoordigers is van die kininkryk dat die koninkryk kom?

Ons as kinders van God het sekere voorreegte omdat ons pappa die Koning is van die Koninkryk.

Kom ons kyk wat staan in **Mattheus 16:19** geskrywe?

En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.

Wat beteken dit alles?

(bespreek bietjie)

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 4

Kom ons rewind gou na wie is God.

Vertel my bietjie, wie is God?

God is die een wat ALLES gemaak het. Hy was nog altyd en het besluit om die heelal, die aarde en alles op en in die aarde te maak.

Hy is almagtig, Hy kan enigiets doen, niks is vir Hom onmoontlik nie.

Wie van julle weet van groot wonderwerke wat menslik onmoontlik is wat al gebeur het?

Ek weet van mense wat gesond geraak het van ongeneeslike siektes, mense wat uit die dood opgestaan het. Amazing goed wat gebeur het.

Hoekom vertel ek dit vir julle? Sodat julle kan begin probeer verstaan hoe almagtig God is in Sy koninkryk in die hemel. Nou.... die woord se, ons moet bid, laat U koninkryk kom. Wat beteken dit?

Ons vra vir God om Sy koninkryk van almag in ons menslike situasies in te bring. Om ons menslike situasies op 'n bonatuurlike manier te verander.

Beteken dit ons kan se.. hmmm, ok, ek soek 'n Ferrari, 'n grand huis, al die geld in die wêreld?

Nee, want net soos wat jou mamma en pappa vir jou net gee wat jy kan hanteer of mee werk, net so sal ons Hemelse Pappa vir ons net gee wat ons kan handle.

# LEES JOU BYBEL EN BID



As Hy vir ons al daai fancy goed gee, wat gaan met ons gebeur? Ons gaan dink ons is te great en te fancy en te cool.. ons gaan begin dink, ons het Hom nie meer nodig nie. Hy wil die beste vir ons hê en soms is fancy goed nie die beste vir ons nie want dit sal ons weg vat van Hom af.

Dit bring my by die volgende stukkie.. **Laat U wil geskied**

Ons vra Hom om ons probleem op 'n supernatural manier te kom verander, maar ons vra dat Sy wil geskied. So as ons sit sonder 'n kar en ons bid vir 'n kar. Maar ons bid vir 'n grand ferrari en Hy weet dat eerstens gaan daai grand kar ons weg vat van Hom af en tweedens sal ons nie die parte en dienste van die kar kan bekostig nie. Dan gaan Hy nie dit vir ons gee nie, maar Hy sal antwoord en voorsien volgens Sy wil en ook in Sy tyd.

Die volgende stukkie is... **Soos in die Hemel net so op die aarde**

Ons het nou net vir Sy Koninkryk gevra om af te kom. Ons het ook gevra dat Sy wil geskied... Nou vra ons soos in die Hemel, net so op die aarde. Dit klink of ons elke keer dieselfde ding sê/vra.

Dit bring ons terug na Mattheus 16:19. Die tweede deel van die skrif: en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.


# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 4

So wat het ons geleer vandag uit die Onse Vader uit?

As ons kinders van God is en reg wandel (naby aan Hom en Hom ken en eerste soek in alles). Dan het ons autoriteit deur Jesus om die Hemelse Koninkryk in ons omstandighede in te bid.


Hoe klink hierdie bid reseppie nou?




# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 4

Spoor die fout op in hierdie uittreksel.



ONSE



VADER



WAT IN DIE HEMELE IS





LAAT U NAAM



GEHEILIG WORD



LAAT U KONINKRYK KOM



LAAT U WIL GESKIED



SOOS OP DIE AARDE,



NETSO IN DIE HEMELE

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 4

